

Inhoud Die werklik saak waaroor die koningskap van Christus gaan, die belangrike saak van die koninkryk is om in die gawe dat ons en ons liefde vir God reggemaak is, in die vrede en blydschap van liefde wat nie verwerp word nie, te kan leef en die Here te kan dien. Gelowiges ontdek mekaar as mense binne hierdie gawe van God – liefde wat God reg laat wees in Christus. Wie ingestel is op hierdie gawe van God en wat hierdie gawe ons vir God laat wees, onderskei tussen onbelangrike en belangrike sake. Belangrike sake is die regte liefde waarin God ons laat leef: die liefde van Christus volgens die Wet van die Here. Dit is die sake waarin ons mekaar as reg vir God vind en ontdek. Daarom doen Paulus die beroep op gelowiges om nie onbelangrike sake dieselfde waarde te gee as hierdie regte saak nie: om deel te wees van die gawe van reg-gerekende liefde, ten spyte van eie gebroke en halfhartige liefde. Daarom kan gelowiges in onbelangrike sake met mekaar verskil, soos régtig verskil ook in die huwelik.

1. Lied 535

2. Gebed

3. Skriflesing: 1 Joh. 4:7 – 16

“⁷Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. ⁸Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. ⁹Hierin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. ¹⁰Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.

¹¹Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. ¹²Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik. ¹³Hiëraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee. ¹⁴En ons het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het. ¹⁵Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God. ¹⁶En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.”

Rom. 14:13 – 16

“¹³Laat ons mekaar dan nie meer veroordeel nie. Neem julle liever voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot 'n val kan bring nie. ¹⁴Omdat ek die Here Jesus ken, weet ek en is ek daarvan oortuig dat niks vanself onrein is nie. Maar as iemand iets as onrein beskou – vir hom is dit dan onrein. ¹⁵As jy met wat jy eet, jou broer aanstoot gee, leef jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie deur wat jy eet, iemand vir wie Christus gesterf het, laat verlore gaan nie. ¹⁶Moenie dat die goeie wat julle het, 'n slegte naam kry nie. ¹⁷Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee. ¹⁸Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van die mense. ¹⁹Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder. ²⁰Moenie oor kos afbreuk doen aan die werk van God nie. Alle kos is rein, maar dit is verkeerd om deur wat jy eet, aanstoot te gee. ²¹Dit is goed as 'n mens nie vleis eet of wyn drink of enigiets doen wat jou broer laat struikel nie. ²²Laat jou

En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. En enigiets wat 'n mens nie uit geloof doen nie, is sonde.

oortuiging hieroor 'n saak tussen jou en God wees. Gelukkig is die man wat hom nie hoef te verwyte oor wat hy hom veroorloof nie. ²³As iemand egter twyfel en tog eet, is hy klaar veroordeel omdat hy dit nie uit geloofsoortuiging doen nie."

En enigiets wat 'n mens nie uit geloof (oortuiging) doen nie, is sonde.

4. Formulier en bevestiging

5. Lied 268

6. Seënbede

En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. En enigiets wat 'n mens nie uit geloof doen nie, is sonde.

PJ Kriel

Troue – JG de Lange en Magda Botha

07.02.2015

Teks en tema: 1 Joh. 4: *“¹⁶En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.”* **Rom. 14:** *“En enigiets wat 'n mens nie uit geloof doen nie, is sonde.”*

1. Paulus maak hierdie verklaring oor die nuwe lewe in die geloof in Christus: *“En enigiets wat 'n mens nie uit geloof doen nie, is sonde.”*

Die inhoud van die geloof waarna Paulus hier verwys, beteken nie maar ek moet glo in wat ek doen en ek moet glo dat wat ek doen, reg is nie.

Hierdie geloof se inhoud beskryf Paulus in vers 17 op die volgende wyse: *“Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van geregtigheid, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee.”*

Die Grieks lees geregtigheid, nie gehoorsaamheid nie. En dit verander die verstaan van hierdie teks diepgaande. Daarom stel hy dan direk ná hierdie sin dat: *“¹⁸Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van die mense.”*

2. Wanneer geniet ons die guns van God en agting van mense? Wanneer ons deel is van die geregtigheid, vrede en blydschap wat die Heilige Gees aan ons gee!

Hierdie sin moet ons baie goed hoor en verstaan: die koninkryk van God gaan nie oor hoe ons regverdig is of regverdig leef nie, hoe ons in vrede leef of vrede stig, en hoe ons bly is of onself bly maak nie.

Die koninkryk gaan oor dit wat Christus as Here deur Sy Gees gee: Hy gee aan gelowiges die gawe van geregtigheid, vrede en blydschap.

3. Hierdie gawe het Paulus uitvoerig beskryf in hoofstukke 1 tot 8 van die brief Romeine. Die geregtigheid wat God ons gee, is die geregtigheid van Christus. Geregtigheid beteken om reg lief te hê, om lief te hê soos God wil hê ons moet liefhê.

God sluit ons in die regte liefde wat Christus vir God en Sy naaste gehad het in en laat dit ons eie wees. Só maak God dat ons en ons gebroke en halfhartige liefde vir Hom reg is.

Vir die wyse waarop ons verkeerd liefhet, staan Christus met Sy lyding en kruisiging vir ons in en word Hy die een wat die straf en verwerping vir ons verkeerde liefde op Hom neem.

Daarom noem Paulus hierdie regte liefde die geregtigheid wat die Heilige Gees vir ons as gawe gee: ons word in die regte liefde van Christus ingesluit en so word ons en ons liefde vir God reg gemaak.

En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. En enigiets wat 'n mens nie uit geloof doen nie, is sonde.

Johannes beskryf hierdie liefde as: *“Ons ken die liefde wat God vir ons het en ons glo daarin.”*

4. Daarom word hierdie gawe ook in dieselfde asem genoem met die vrede en die blydskap wat die Heilige Gees as gawe gee: die vrede dat ons en ons liefde vir God altyd reg is in ons eenheid met Christus, en daarom ook die blydskap dat ons in hierdie eenheid met Christus, God en ons naaste vrymoedig kan liefhê, ten spyte van die gebrokenheid en halfhartigheid van ons liefde.

Dit is die werklik saak waaroor die koningskap van Christus gaan, die belangrike saak van die koninkryk: om in die gawe dat ons en ons liefde vir God reggemaak is, in die vrede en blydskap van liefde wat nie verwerp word nie, te kan leef en die Here te kan dien.

5. Paulus roep die gelowiges in Romeine 14 op om mekaar in hierdie gawe te ontdek en te aanvaar, met die oproep: *“¹⁹Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder.”*

Hierdie dinge is die dinge van die koninkryk van God: die lewe in die geregtigheid wat God as gawe aan ons gee, en die lewe in die vrede en blydskap dat ons God se guns geniet.

Wie ingestel is op hierdie gawe van God en wat hierdie gawe ons vir God laat wees, onderskei tussen onbelangrike en belangrike sake.

Belangrike sake is die regte liefde waarin God ons laat leef: die liefde van Christus volgens die Wet van die Here. Dit is die sake waarin ons mekaar as reg vir God vind en ontdek.

6. Daarom doen Paulus die beroep op gelowiges om nie onbelangrike sake dieselfde waarde te gee as hierdie regte saak nie: om deel te wees van die gawe van reg-gerekende liefde, ten spyte van eie gebroke en halfhartige liefde.

Daarom kan gelowiges in onbelangrike sake met mekaar verskil, soos régtig verskil.

Die een kan presies die teenoorgestelde voel en doen as die ander met hierdie onbelangrike sake, sonder om mekaar te probeer oortuig en sonder om van hierdie sake 'n kwessie van reg en verkeerd te maak.

Hierdie ‘onbelangrike sake’, of ‘middelmattige sake’, is al die gawes wat God ons gee om te geniet: kleredrag, grimering, musiek, dans, kossoorte en dranksoorte, die gebruik of die los van kossoorte en dranksoorte, versiering van jouself, jou eiendom of jou huis.

Die verbintenis van gelowiges maak dat geen van hierdie sake ooit weer só belangrik mag wees dat dit oor reg en verkeerd gaan nie, oor goed of sleg, of oor moet en nie moet nie. Want die belangrike saak waartoe die Here se genade ons

En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. En enigiets wat 'n mens nie uit geloof doen nie, is sonde.

verbind, is om te leef in die gawes van God se liefde vir ons, die gawes van geregtigheid, vrede en blydschap.

Wie tot hierdie liefde verbind is, kan onbelangrike sake los, of verander om sy naaste in liefde te behou! Want hierdie liefde kan onderskei tussen wat belangrik vir die liefde, en wat onbelangrik vir die liefde is.

7. Daarom kom hierdie besondere oproep: wie nie in hierdie geloof in hierdie gawe leef nie, doen sonde omdat hy of sy nie hierdie gawe glo en uit hierdie gawe leef nie.

JG en Magda, vir julle beteken dit dat julle hierdie huweliksluiting moet opneem in die geloof dat die Here julle en julle gebroke en halfhartige liefde, gemeet aan die Wet van God, moet aanvaar as deel van die gawe van geregtigheid, vrede en blydschap wat die Heilige Gees aan julle gee. Die gawe van liefde uit die liefde van God vir ons.

Julle moet mekaar as man en vrou in hierdie geloof aanvaar en ontdek: hy en sy is deur die Here in Christus ingesluit, en God laat sy of haar liefde vir Hom reg en goed wees deur die lyding en opstanding van Christus.

Ook die liefde wat julle aan mekaar as man en vrou gee.

Julle moet mekaar aanvaar en vir mekaar glo dat julle in die vrede en blydschap leef dat vir die gebroke en halfhartige liefde wat julle vir mekaar as man en vrou gee, gemeet aan God se wet, God met julle vrede het, en julle in Sy guns laat leef met die wete dat julle vir Hom goed en reg is.

8. Waar julle vir mekaar die liefde van Christus op hierdie wyse gun, sal daar iets besonders gebeur in hierdie geloof vir mekaar gegun: julle sal kan onderskei wat belangrik in die huwelik is, en wat onbelangrik in die huwelik is.

Julle sal kan onderskei tussen sake waarin elkeen gewoon net presies die teenoor-gestelde kan voel en dink, sonder dat hierdie sake ooit vir julle 'n ononderhandelbare kwessie van reg en verkeerd, of goed en sleg sal word.

En dit behels omtrent alles: kos, drank, klere, musiek, vermaak, ontspanning, kuier en huislike lewe.

Dan sal julle ook die vryheid hê in hierdie sake om op te gee of saam te gaan in iets waarmee jy heeltemal verskil en anders oor voel, omdat jy weet dat dit nie die saak is waaroor die huwelik gaan nie: liefde in die geregtigheid, vrede en blydschap wat die Heilige Gees aan ons gee.

Die toewyding aan die liefde in die vryheid van God se guns.

9. Waar ons nie mekaar as man en vrou in die huwelik in hierdie gawe van die Heilige Gees ontvang nie, is alles wat ons doen, sonde.

En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. En enigiets wat 'n mens nie uit geloof doen nie, is sonde.

'n Liefde waarin ek myself vir jou as man en vrou moet regverdig, is sonde!

Want dit maak die een die regter oor die ander. Dit ontnem die vrede en blydschap dat gebroke en halfhartige liefde, as volkome goed en reg aanvaar word.

'n Liefde waar ek moet vrede skep en blydschap moet opwek, is sonde!

Dit oorbelas liefde as die gawe wat in vrymoedigheid gegee word in die vrede en blydschap wat God ons in laat leef.

'n Liefde waarin ek myself eers moet bewys, is sonde!

Hoe moet jy eers die liefde bewys voor liefde aanvaar word? Liefde wat bewys moet word, is mag, nie liefde nie!

10. Daarom is enigiets wat ons as man en vrou doen wat nie uit die geloof is dat God ons liefde reg maak en ons in die blydschap en vrede laat leef dat Hy Sy liefde aan mense gee wat nie volkome en reg kan liefhê nie, ook die sonde wat die onderskeid tussen belangrike en onbelangrike sake in die huwelik laat verdwyn.

Hoe so?

Want waar ons mekaar nie in hierdie geloof aanvaar nie, leef ons in die oordeel van mekaar oor hoe reg en goed ons onself moet maak, voor ons aanvaarbaar is as man en vrou vir mekaar.

En in hierdie oordeel word alle onbelangrike sake oordeelsake: sake wat oor reg en verkeerd, goed en sleg gaan, sake waarin ons mekaar se regters en aanklaers word aangaande die liefde wat ons nie wil aanvaar of gee nie.

Want dit is die regte stryd in onbelangrike sake wat lewensbelangrik word in die huwelik: dit word sake wat wys wat ek oordeel:

die liefde is nie reg en goed genoeg nie.

11. Daarom moet julle uit hierdie geloof mekaar as man en vrou aanvaar: enigiets wat ons as man en vrou doen wat nie uit die geloof is dat God ons regverdig gemaak het vir Hom en mekaar nie, dat God ons in die vrede en blydschap laat leef dat Hy ons gebroke en halfhartige liefde heilig as goed en ons só in Sy guns laat leef nie, is vir ons sonde!

Aanvaar en ontdek mekaar in hierdie geloof en dien mekaar in dit wat belangrik is: liefde in die geregtigheid wat ons gawe is!

Vermý die oordeel dat liefde nie goed genoeg is nie omdat dit nie my begeertes gedienstig is nie.

En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. En enigiets wat 'n mens nie uit geloof doen nie, is sonde.

Dan sal julle van mekaar in alles wat onbelangrik is, kan verskil terwyl julle mekaar steeds in liefde dien.

Sluit hierdie huwelik in hierdie geloof in die geregtigheid, vrede en blydschap wat die Heilige Gees aan julle gee.

12. Waar julle tot mekaar verbind is in dit wat belangrik is, en vir mekaar die vryheid gee in onbelangrike sake, sal die Woord vir julle as man en vrou ook waar wees: julle sal nie net die guns van God geniet nie, maar julle sal vir mekaar as man en vrou agting en respek hê, en dit is die werklike sement wat die huwelik aanmekaar hou.

En enigiets wat julle as man en vrou nie uit geloof doen nie, is sonde. Alles wat julle in en uit hierdie geloof in die Here se gawe van geregtigheid, vrede en blydschap doen, is heilig en goed vir God.

Ook julle huweliksluiting.